IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.3 Vol 176 p 9023-9080

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-02-18

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 176

(Bladsye 9 023 - 9 080)

HOF HERVAT OP 18 FEBRUARIE 1987.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, ons het laas opgehou waar u gesê het Esau het op ꞌn later stadium briewe geskryf aan die taxi-eienaars om hulle in te lig dat taxi's nie moet opereer op 3 September 1984 nie. -- Ja, dit is reg.

Op watter stadium is die briewe geskryf? -- Ek weet nie presies op watter dag die briewe geskryf was nie, maar wat ek wel kan sê is dat die briewe was geskryf gedurende die week tussen die 26ste en die 3de.

HOF : 26 Augustus en 3 September? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Is dit deur die VCA of uself bespreek wat in die briewe geskryf sou word? -- Ons het dit nie bespreek nie. Selfs die VCA het dit ook nie bespreek nie. Dit was net as gevolg van die resolusies wat daar aanvaar was dat hy aanvaar het hy moet dit in daardie trant skryf dat dit so duidelik moet wees dat dit ooreengekom was oor hierdie resolusies. Dus daar behoort nie vervoer beskikbaar te wees dié dag nie.

Hoe weet u dat dit nie bespreek is deur die VCA se bestuur nie? --Nee, wat ek bedoel is dat hy as ꞌn persoon het dit nie met ons bespreek nie.

Het u van die briewe gesien? -- Nee, ek het dit eers vir die eerste keer gesien toe dit hier voor die Hof gelê was as bewysstukke.

Na watter bewysstuk verwys u?

HOF : Dit is ꞌn bietjie moeilik, mnr. Hanekom.

MNR. HANEKOM : Ek gaan oor BEWYSSTUKKE AN15(i) tot (viii) met die getuie praat. Sal u kyk na BEWYSSTUKKE AN15(i)

tot/...

tot (viii) en vir die Hof sê watter briewe u na verwys? -- Ek vermoed dit sal wees BEWYSSTUK AN15(vi).

Waarom sê u u vermoed dit is hierdie bewysstuk? -- Hoekom ek so sê is omdat hy gesê het dat hy briewe geskryf het wat gerig was aan die vervoermense. So, ons was nie daarteen nie.

Op watter stadium het Esau dit rapporteer? -- Ek het dit op die 2de gehoor.

Het u saamgestem daarmee dat die vervoermense so ingelig word? -- Ja, ek het saamgestem, want hier word hulle versoek. Hulle word nie sommer so ingelig nie, maar dit is ꞌn versoek wat aan hulle gerig word.

En inwoners wat sou besluit om op die 3de te gaan werk, wat was u gevoel daaroor? -- Wat my betref, indien daar enige persoon is wat besluit het om werk toe te gaan die dag, was hulle nie belet om dit te doen nie, maar weens die feit dat dit die gemeenskap se besluit was dat hulle die dag nie werk toe sou gaan nie, hulle sal tuis wees, het ek aanvaar dat dit so gaan wees, dit wil sê niemand sal werk toe gaan nie.

Toe Esau op 2 September terugrapporteer oor hierdie brief, het hy gesê aan watter vervoermense dit gerig was? -- Ja, hy het.

Wat het hy gesê? -- Hy het gesê dit is gerig aan die taximense asook die Vaal Transport.

Is dit die busdiens? -- Ja, die busdiens.

Het beskuldigde nr. 5 op die vergadering van 26 Augustus 1984 ꞌn beroep gedoen op die mense om gehoor te gee aan die oproep vir die "stay away" op 3 September? -- Beskuldigde nr. 5 het melding gemaak van die resolusies wat op die

25ste/...

25ste aanvaar was en dit het hy oorgedra aan die gehoor by hierdie betrokke vergadering, vir die gehoor om eie besluite te neem of hulle dit dan ook daar aanvaar as resolusies of nie. Hierdie resolusies waarna ek verwys het die "stay away" ook ingesluit.

Die vraag is het beskuldigde nr. 5 self ook ŉ beroep op die aanwesiges gedoen om gehoor te gee aan die oproep? -- Nee.

Beskuldigde nr. 10 het getuig dat beskuldigde nr. 5 wel so ŉ beroep op die vergadering gedoen het. Wat sê u daarvan? Volume 160 bladsy 7 892. -- Wat ek wel onthou wat daar plaasgevind het met betrekking tot beskuldigde nr. 5 is dat beskuldigde nr. 5 melding gemaak het van al die resolusies wat aanvaar was. Ek kan nie onthou dat hy spesifiek as ŉ persoon ŉ beroep gemaak het dat mense daaraan moet gehoor gee nie.

HOF : Sê u hy het nie of sê u dit is moontlik, maar u kan nie onthou nie? -- Ek sê ek kan nie onthou dat hy so gepraat het nie.

Ja, maar ek wil weet wat u met die antwoord bedoel. Bedoel u dit is moontlik dat hy dit wel gesê het en dat u geheue nie goed is nie of bedoel u u kan dit nie onthou nie, u sou dit onthou het as dit gebeur het en daarom het dit nie gebeur nie? -- Wat ek sê is, indien hy melding daarvan gemaak het, sou ek dit gehoor het.

MNR. HANEKOM : Met ander woorde, om dit duidelik te kry, u sê hy het dit nie gedoen nie? -- Indien hy spesifiek melding gemaak het van die "stay away" sou ek dit gehoor het.

HOF : En onthou het? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 5, terwyl hy sy toespraak gemaak het van notas af gepraat? -- Nee, hy het niks by hom gehad nie.

Het beskuldigde nr. 5 op enige stadium in sy toespraak gesê mense moenie bang wees om gearresteer te word nie? -- Ek onthou dat hy daarvan melding gemaak het ter ondersteuning van 'n antwoord deur iemand anders op die vraag van Masinya dat die polisie sal nie sommer die mense in die "stay away" wat deelneem aan die optog, arresteer sonder enige rede nie.

Het hy gesê die mense moenie bang wees om gearresteer te word nie? -- Ek kan nie spesifiek onthou dat hy vir die mense so gesê het nie, maar wat ek wel kan onthou is dat hy die mense gesê het soos ek nou net vir die Hof gesê het om die mense moed in te praat.

Het beskuldidge nr. 5 melding gemaak van ambulanse op 3 September 1984? -- Melding was gemaak van ambulanse, maar wie daarvan melding gemaak het, kan ek nie onthou nie.

Wat onthou jy, wat se melding is daarvan gemaak? -- Een van die dinge wat ek kan onthou wat daar gesê was wat in verhouding was met hierdie vraag was die volgende, dat die verpleegsters en die dokters sal moet vrygestel word aan die "stay away". Dit was toe daar ook verder melding gemaak was dat sulke persone kan deur ambulanse vervoer word, dit wil sê ambulanse kan toegelaat word om te ry met die oog daarop om die persone te vervoer.

HOF : Dit is nou om dokters en verpleegsters te vervoer? -- Veral die verpleegsters want hulle is die mense wat in die lokasies woon. Die dokters woon in die dorpsgebiede.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 5 melding gemaak dat die fabrieke in kennis gestel sal word van die "stay away"

op/...

op 3 September? -- Ja, hy het melding daarvan gemaak dat die werkgewers in kennis gestel word sodat die werkgewers nie verbaas moet wees as die werknemers nie daardie dag opdaag vir die dienste nie. Hulle moet op hoogte gehou word. Dus het hy die mense aangemoedig om die werkgewers te laat weet.

HOF : Die toehoorders moes elkeen sy eie werkgewer laat weet? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Was dit nie oorweeg dat VCA die werkgewers in kennis sou stel nie? -- Nee, dit was nie oorweeg nie.

Of die verskillende "area committees" van die VCA, dat hulle die taak moes uitvoer nie? -- Nee.

Is dit bespreek hoe daar met die ambulansmense gereël sal word om die verpleegsters te kom oplaai op 3 September? -- Nie in hierdie vergadering van die 26ste nie. Dit was nie bespreek hoe dit gedoen sal word nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Waar is die hospitaal geleë? Is hy by Houtkop? -- Ja.

By die Administratiewe kantore? -- Ja, net daar naby.

En hoe het die verpleegsters elke dag daar by Houtkop gekom? Het hulle met die bus gery of is hulle opgelaai? -- Hulle busvervoerdienste gebruik.

So, met ander woorde julle het nou gereël dat die ambulanse die verpleegster sou kom oplaai in plek van die busse? -- Ja, dit is hoe dit bespreek was.

MNR. HANEKOM : U sê dit is nie op die 26ste bespreek hoe dit gereël sou word nie. Is dit op 'n later stadium bespreek? -- Esau was die persoon wat te doene gehad het met die reëlings met betrekking tot hierdie vervoerbesluite. Hy het ons toe later laat weet dat hy telefonies met die mense in verbinding getree het. Net soos die briewe wat gerig

was/...

was aan die taxi's en die Vaal Transport.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Onder wie se beheer is die ambulanse? Staan dit onder beheer van die VCA of van die mense wat hierdie besluite geneem het of is daar ander beheer oor die ambulanse? -- Dit behoort nie aan VCA of die mense wat die besluite daar geneem het nie. Dit behoort aan die Administrasieraad.

Maar hoe kan die mense dan so 'n besluit neem, dat die ambulanse moet vir die doel gebruik word wat nie hulle normale funksie is nie? -- Dit was nie 'n besluit wat daar geneem was by hierdie vergadering wat dit betref nie. Ons het net ooreengekom dat ons hulle in kennis sal moet stel dat indien hulle dit so goed sien dat hulle hulle personeel sal moet kry om dit te kry en sal hulle dan ambulanse moet gebruik om die personeel te vervoer.

Want u sal nie bereid wees om ander vervoer toe te laat nie, net ambulanse? -- Ja, maar dit het gebeur. Die oorsprong daarvan was as gevolg van die vraag deur die taxi-man of hulle voertuie nie met klippe bestook sal word nie, dat hierdie vergadering toe daarop diep ingegaan het en toe later besluit het dat dit so gedoen moet word.

MNR. HANEKOM : Is dit besluit dat Esau hierdie oproep na die ambulanse sal doen namens die VCA? -- Ek sê ons het nie so 'n besluit met hom geneem nie, maar wat ek wel verder sê is dat na hy dit uitgevoer het, het ons dit so aanvaar.

Wat het Esau op 2 September daaroor terugrapporteer? Wat het hy uitgerig in verband met die ambulanse? -- Hy het aan ons terugrapporteer dat hy alreeds aan hulle geskryf het en daardie versoek aan hulle gerig het. Hy het toe verder in hierdie verslag van hom gesê dat hy vir die ander

mense/...

mense telefonies aangespreek het. Hy het net nie gesê wat hulle reaksie was na aanleiding van hierdie versoeke wat aan hulle gerig was nie.

HOF : Die ander mense is dit nou die huurmotorbestuurders en die busdiens of is dit ander mense in verband met die ambulanse? -- Ek verwys na die ambulanse, die huurmotors en busse.

Almal telefonies? -- Hy het gesê die huurmotormense het hy per brief in kennis gestel en van die ander mense het hy telefonies in kennis gestel. Ek weet nou nie of hy vir die mense ook telefonies of per brief in kennis gestel het nie.

Asseblief, ek wil nie weet wat u gedink het nie, ek wil net weet wat hy gerapporteer het. Het hy gerapporteer "Ek het die huurmotors per brief in kennis gestel en ek het die ambulansmense en die busmense telefonies in kennis gestel"? -- Hy het gesê die huurmotormense het hy per brief in kennis gestel, VTC het hy per brief in kennis gestel asook telefonies. Wat die ambulanse betref het hy gesê hy het telefonies met hulle in verbinding getree.

MNR. HANEKOM : Maar hy het nie gerapporteer wat hulle reaksie was op die oproep nie? -- Nee, dit het hy nie gesê nie, maar ons het die indruk gekry dat hulle dit so aanvaar het.

Wat het vir u die indruk geskep? -- Na aanleiding van die feit dat hy niks verder gesê het wat die mense se reaksie was nie, na hy hulle in kennis gestel het, het ons die indruk gekry dat hulle dit aanvaar het, want hy het hulle in kennis gestel dat die hele Vaal Driehoek se mense sal deelneem in die "stay away" van die 3de.

HOF : Terwyl ons nou op die onderwerp is, hoeveel mense was by die vergadering van die 26ste? -- Ek skat agthonderd plus.

Die vergadering was nou waar wat u van praat? -- Roman Catholic Church Small Farms.

Watter deel van Lekoa dink u is gedek deur daardie vergadering? -- Gebiede 3, 7 en van ander gebiede want mense van ander gebiede word nie verbied om die vergadering by te woon nie.

U praat nou van die middag vergadering op die 26ste? -- Ja, dit is so.

Weet u iets van die oggend vergadering van die 26ste? -- Nee, ek weet niks van die vergadering van die oggend nie.

Die vergadering van 25 Augustus, waar is hy gehou? -- Gebied 13 St Michael's Anglican Church. Dit was die vergaderplek.

Was u daar gewees? -- Nee, ek was nie daar nie.

Hoeveel mense kan daardie kerk neem? -- Ek kan ongelukkig nie sê nie, want ek was nog nooit binne-in daardie kerkgebou gewees nie.

Is hy groter of kleiner as die Roomse Katolieke Kerk te Small Farms? -- Ek sien dit gewoonlik van ver af, maar as ek moet skat sal ek sê dit is groter gebou as die een van Small Farms.

Baie of min? -- Omdat ek dit van ver sien is ek nie in staat om vir u te sê of dit baie groter is en of dit ŉ klein verskilletjie is nie.

Watter ander vergaderings was daar waar daar besluit is om ŉ "stay away" te hou? -- Boipatong is een van hulle.

Was u daar? -- Nee, ek was nie daar nie.

Dit/...

Dit was op die 26ste? -- Ja.

Weet u waar hy gehou is? -- Nee, ek weet nie waar dit gehou was nie.

Weet u van enige ander vergaderings? -- Nee, ek weet nie van ŉ ander een nie.

Is dit dan korrek dat daar baie gebiede is van Sebokeng wat nie deur vergaderings gedek is nie? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Hoekom nie? -- Want dit is nie in al die gebiede daar waar vergaderings gehou kan word nie. Byvoorbeeld as ek nou sê daar is ŉ vergadering in Gebied 12, sal die vergadering bygewoon word deur mense van Gebied 12, 11 en ander gebiede.

Weet u van ŉ vergadering in Gebied 12? -- Ja, met die stigting van die VCA was ek teenwoordig.

Ek praat nou nie daarvan nie. Ek praat van ŉ vergadering einde Augustus waar daar besluit is op ŉ "stay away"? -- Eers later na die vergadering gehou was het ek eers verneem dat ŉ vergadering op die 25ste gehou was.

Waar? -- Ek het op die 26ste verneem van hierdie vergadering wat op die 25ste gehou was te St Michael's Gebied 13.

Maar dan is dit in Gebied 13 en nie in Gebied 12 nie? -- Nee, toe ek melding gemaak het van Gebied 12 het ek net ŉ voorbeeld gemaak van wat ek praat.

Ja, dit is die verkeerde voorbeeld ongelukkig.-- Die vergadering van Gebied 13, met die besprekings wat ons gehad het op die 2de het ek daar verneem dat die mense teenwoordig by daardie vergadering was van die volgende gebiede gewees, Gebied 12, 11, 13 en 14. Hulle was bymekaar daar.

Sou dit ŉ billike skatting wees om te sê daar was

miskien/...

miskien ŉ duisend mense? -- Nee, dit is nie uit nie.

Is dit dan ŉ billike skatting - as u nou so terugdink oor die plek of is dit ŉ onbillike skatting? -- Ek self aanvaar dit as ŉ billike skatting, want ek was nie daar nie, maar vir daardie gebied skat ek dit as ŉ billike skatting.

Ek sal vir u sê waarom ek nou hierdie baie vrae aan u gevra het. Toe u gesê het die mense "the people" het besluit om weg te bly op 3 September en dat u gedink het niemand sou gaan werk nie, want as ek dit reg het is daar 30,500 huisgesinne in die hele Lekoa en u kon dus nooit gedink het dat die mense van Lekoa besluit het om op 3 September weg te bly nie. Wil u enige kommentaar op my probleem lewer? -- Dit sal ek so antwoord. By die twee vergaderings het die gemeenskap ooreengekom met die besluit van die "stay away" op hierdie dag. Ons het ook pamflette versprei. Vir die hele week na die 26ste, dit wil sê vanaf die 26ste tot die 2de, die mense wat in die vervoer was, byvoorbeeld die treine en die busdienste het gepraat van die "stay away" en geen persoon het ŉ aanduiding gegee dat hulle teen hierdie besluit was nie. By die vergadering waar ek was die 26ste was daar melding gemaak van sekere mense wat kan besluit om werk toe te gaan die dag van die "stay away" waarop ons besluit het. Dit is waar die antwoord toe gekom het wat sê dat diegene wat besluit het om werk toe te gaan sal dan ŉ aanduiding toon dat hy of sy in staat is om die verhoogde huurgelde te betaal en die huurgeld as geheel sal kan betaal en so ŉ persoon kan maar werk toe gaan. Ons het dit ook in gedagte gehad dat dit nie 100% sal wees wat weg gaan bly van die werk af nie, want daar was ŉ treinvervoer gewees wat geopereer het.

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Hoe kan u 'n stelling maak dat niemand in die Vaal Driehoek het in die week na die 26ste Augustus beswaar gehad teen die "stay away" nie? -- Ek sê so want ek het dit nie te hore gekom van die lede van my komitee asook by die vergadering van die 2de nie.

Stem u saam dat u eintlik net spekuleer? U kan net praat van die mense in u onmiddellike omgewing? -- As ek op pad werk toe is, die vervoer wat ek gebruik word deur verskillende mense gebruik van verskillende gebied, Zone 7, 11, 12, 13 en 14 asook deur mense van Evaton. Hulle gebruik ook dieselfde vervoer saam met my. Ek het dit nie te hore gekom dat daar so 'n beswaar is nie.

Het u mense ondervra? Het u hulle uitgevra oor hulle gevoel daaroor? -- Ja, ek het van die mense verneem wat ek in staat was om te kon vra.

Waarom was dit vir u nodig? Waarom wou u dit weet? -- Mense wat aan my bekend was wat alreeds geweet het van die "stay away" het dit met my bespreek en hulle het aan my aangedui dat hulle ook maar die goedkeuring gee van die "stay away".

Op watter stadium het julle daaroor besin en voorsien dat al die mense nie sal deelneem aan die "stay away" nie? -- By die vergadering van die 26ste was daar 'n persoon wat 'n vraag gevra het wat gaan gebeur met die mense wat dan kan besluit om teen die besluit te gaan en werk toe gaan. Dit was na aanleiding van daardie vraag dat ons besef het dat dit reg is, daar is van die mense wat kan besluit om werk toe te gaan. Op daardie stadium het ons daarvan begin weet. Dit was 'n antwoord op hierdie vraag wat gesê het die een wat besluit om werk toe te gaan sal dus 'n aanduiding aan

ons/...

ons gegee het dat die persoon in staat is om die verhoogde huurgelde te betaal en dit is nie ȟ probleem vir hom of haar nie. Met die gevolg die antwoord was gerig op die vraag van mense wat sou werk toe gaan. Daar was toe besluit dat so ȟ persoon sal maar moet uitgelos word om werk toe te gaan. Daar is niks wat gedoen kan word nie.

Het die vergadering so ȟ besluit geneem? -- Ja, dit is reg.

Waarom het julle dan nie die vervoerdienste, die busse en die taxi's uitgelos en dit aan die mense self oorgelaat om te besluit of hulle wil gaan werk of nie? -- Dit het ons gedoen om te vermy dat daar klippe bestook moet word op voertuie soos die vraag gerig was deur die een persoon daar. Ons het geweet daar was ȟ trein gewees wat gaan werk.

<u>HOF</u> : Waar loop die trein? Aan watter kant van Lekoa? -- Aan die oostelike kant van Lekoa.

En die taxi's loop deur Lekoa? -- Ja.

Maar die trein is ver van die westelike kant van Lekoa geleë. Kan ȟ mens dit stap as jy ouerig is? -- Daar is baie mense wat stap.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Het u dit as ȟ groot moontlikheid voorsien op die 26ste dat indien busse en taxi's opereer, hulle onder die klippe gesteek sal word? -- Ek het nie daaraan gedink nie, want ek het dit nog nooit gesien plaasvind te Sebokeng nie.

Dan verstaan ek nie u getuienis wat u nou net op die vorige vraag gegee het nie dat die rede waarom die busse en taxi's nie moes loop nie, was sodat hulle nie met klippe gegooi moes word nie? -- Ek het vroeër gesê na aanleiding van die vraag deur die huurmotorman het mnr. Malindi,

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 5 geantwoord en gesê dat indien dit gebeur maar hy het dit nog nooit gesien plaasvind in daardie gebied nie dat daar huurmotors en voertuie met klippe bestook word nie, maar as ŉ persoon voel hy is ŉ lafaard, het ons besluit dat hy sy voertuig liewers moet terughou en nie gebruik laat word op hierdie dag nie. Selfs hierdie persoon wat hierdie vraag gevra het, het nie gesê dat die voertuie te Sebokeng met klippe bestook word nie.

Dan stel ek weer aan u die vraag, waarom het u nie die busse en die taxi's uitgelos dat hulle funksioneer en dit aan die inwoners self oorgelaat of hulle dit sal gebruik of nie op 3 September 1984? -- Wat daar gesê was in hierdie vergadering was gesê deur die gemeenskap.

Nou verstaan ek nie u getuienis nie. Het die gemeenskap gesê die busse en die taxi's moet nie loop nie? -- Alles wat ons van gepraat het in hierdie vergadering wat aanvaar was as ŉ resolusie en as ŉ besluit was bespreek met die gemeenskap se ooreenkoms.

HOF : Ek het probleme met u herhaalde gebruik van die gemeenskap. Wat besluit is op die vergadering is besluit deur die mense op die vergadering? -- Dit was ŉ besluit van die persone teenwoordig in die vergadering.

Hulle was nie daar as verteenwoordigers van die gemeenskap nie? -- Nee, ek neem aan dat hulle daar namens die gemeenskap was.

Elke man was vir homself daar. Is dit nie so nie? -- Nee, ŉ seun kan altyd gestuur word deur die pa om te gaan hoor wat sê hulle by die vergadering. Dit wil sê hy het daarheen gegaan namens die gesin.

O, dan stem hy ook maar namens sy pa? -- Wat ek

verstaan/...

verstaan het terwyl ons daar vergader het, is dat ons almal verskillende gedagtes gehad het op sekere punte. As ons dit nou bespreek het tot ons almal tevrede is en almal se gedagtes op ŉ sekere punt byeengebring het, beteken dit vir my dat die gemeenskap nou besluit wat is die regte ding om te aanvaar.

MNR. HANEKOM : Ek stel dit aan u dat die agthonderd of wat mense wat daar was nie aan die VCA ŉ mandaat kon gee namens die gemeenskap in die hele Lekoa gebied nie? -- Dit is nie hoe ek dit aanvaar nie en dit is nie my siening daarvan nie, want die besluite was geneem in hierdie vergadering. Daar was ŉ hele week tussen in en niemand het enige beswaar aangeteken. Indien daar enige persoon was met ŉ beswaar het hy genoeg kans gehad om dit te doen.

Stem u met my saam dat die inwonertal van die hele Vaal Driehoek gebied ŉ hele paar honderd duisend mense is? -- Ja, ek stem saam.

U het gesê die mense op die vergadering het besluit die busse en die taxi's moet nie loop nie. Wat was die mense op die vergadering se motivering daarvoor? Waarom moes die busse en taxi's nie loop op die 3de nie? -- Na aanleiding van die huurmotorman wat toe ŉ besluit geneem het dat dit raadsaam was vir hom dat hy sy huurmotors moet onttrek die dag en eintlik is dit vir die goeie doel van die gemeenskap dat die huurmotors onttrek moet word omdat die gemeenskap so besluit op hierdie dag.

HOF : Is daar nie op die vergadering aangekondig dat daar alreeds in verbinding getree is met die huurmotors nie? -- Die huurmotorman het aangedui dat hy as ŉ inwoner van daardie lokasie self geaffekteer is deur die huurgelde wat dan

ander/...

ander huurmotoreienaars ook geaffekteer het. Op die einde het hy daarmee gestem en dus die persone teenwoordig by hierdie vergadering, die gemeenskap waarna ek verwys, het dit ook goed gesien dat dit so gedoen moet word.

MNR. HANEKOM : Wat het u bedoel toe u gesê het dit was vir die goeie doel van die gemeenskap dat die busse en taxi's nie moes loop nie? Wat se goeie doel verwys u na? -- Wat 'n goeie doel was is die volgende. Die huurmotoreienaars vorm die gedeelte van die gemeenskap van Lekoa. Dus alles wat die gemeenskap affekteer daar, het betrekking op hulle ook.

Is dit enigsins op die vergadering besluit dat die busse en taxi's nie moes funksioneer nie, as 'n gebaar van protes teen die verhoogde huurgeld? -- Ja, dit is so, want selfs die eienaars van die huurmotors is eienaars van Lekoa. Hulle word geaffekteer deur die huurgelde en selfs die busbestuurders word ook maar geaffekteer as inwoners van Lekoa deur hierdie huurgeld.

Toe die kwessie van die ambulanse bespreek is wat die verpleegsters sou vervoer is daar bespreek wat sou word van mense wat normaalweg ambulanse nodig het, siek en beseerde mense op 3 September? -- Ja, in hierdie sin. Ons het die verpleegsters vrygestel van die "stay away" en toegelaat dat hulle deur ambulanse vervoer moet word omdat hulle te doene gehad het met siek persone. Met die gevolg dit was ook in ag geneem dat daar wel siek persone is in die Swartwoonbuurt, dit is die lokasie, wat dan ook die dienste van die ambulanse nodig gaan kry. Dit sal toegelaat moet word om na so 'n persoon uit te kom.

HOF : Maar is dit bespreek of het u dit maar net in gedagte

gehad/...

gehad uself? -- Toe die kwessie van die ambulanse bespreek was, het ons dit ook gedek in hierdie besprekings. Al hierdie punte was gedek.

MNR. HANEKOM : Was hierdie onderwerp oor die ambulanse se rol op 3 September vir u ŉ belangrike aspek wat bespreek is? -- Wat is die vraag?

Het die vergadering dit as ŉ belangrike aspek gesien? -- Ja, net soos die ander was dit belangrik.

Waarom het u in u hoofgetuienis glad nie verwys na hierdie bespreking wat betref die ambulanse nie? -- Ek het aanvaar as ek van transport gepraat het, dit is ook daar ingesluit.

Afgesien van die ambulansdienste, is daar enige ander nooddienste bespreek wat toegelaat sou word om te funksioneer of nie te funksioneer nie? -- Ja, die polisie. Ons weet die polisie gaan enige tyd werk toe.

Die vraag is, was dit ook bespreek? -- Ja, dit was bespreek.

Op watter stadium? -- Dit is toe ons die kwessie van die vervoer daar bespreek het met die belangrikheid van die teenwoordigheid van verpleegsters aan diens.

Was dit op 26 Augustus se vergadering of op 2 September se vergadering? -- 26 Augustus.

Wie het die punt van die polisie geopper? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie.

K538 Was dit ŉ persoon van die gehoor? -- (Oorskakeling na nuwe kasset) was bespreek.

Wat is bespreek oor die polisie? -- Wat oor die polisie bespreek was, was dat hulle die enigste ander persone was wat vrygestel kan word en wat eintlik inderdaad vrygestel

word/...

word om werk toe te gaan weens die belangrike dienste wat hulle verrig.

Is dit bespreek met watter vervoer hulle werk toe sou gaan? -- Ja.

Wat was dit? -- Die trein was daar. Dit het geopereer. Eintlik in die meeste gevalle gee die polisie mekaar geleentheid om saam te ry met die bakkies of patrolliewaens wat hulle gebruik om werk toe te gaan. Hulle gebruik moontlik nie die openbare vervoer nie.

Waarom was dit nodig om hulle as groep uit te sonder dat die polisie as groep toegelaat sou word om te gaan werk op die 3de?

MR BIZOS : My Learned Friend interchanges - changes the witness's words to "toegelaat". He changes "vrygestel" to "toegelaat". We are going to have an argument as to what the meaning was unless he is careful to use the word.

HOF : Wel, waarom is hulle uitgesonder.

MNR. HANEKOM : Waarom was die polisie as groep spesifiek uitgesonder? -- Dit is omdat ons besef het dat hulle elke dag belangrike dienste verrig.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Maar ek verstaan nou nie mooi nie. U sê die polisie laai mekaar op werk toe? -- Ja, dit is so.

En was u verwagting nou dat hulle mekaar gaan oplaai en normaalweg werk toe sou gaan? -- Ja, soos die gewoonte. Dit is wat ons verwag het sal plaasvind.

Maar het u dan nie voorsien dat die enigste vervoer wat gaan loop net die ambulanse gaan wees nie? -- Ek het melding gemaak van die ambulans, want die ambulans is uitsonderlik van die polisie. Die polisie vind jy by enige plek. Dit is hoekom ek nie eers van hulle melding

gemaak/...

gemaak het nie. Ek het net melding gemaak van die ambulanse.

Sou daar dan enige vervoer toegelaat word om te funksioneer op daardie dag? -- Ons versoek was dat daar geen vervoer moet wees nie, behalwe die ambulanse. Wat die polisie betref het ek dit nou net verduidelik dat die polisie vrygestel was.

Nee, ek begryp dit. Kyk, u het ŉ hele rukkie terug die stelling gemaak dat ambulanse sou toegelaat word om te ry om die verpleegsters en die dokters te vervoer.

MR BIZOS : With the greatest respect, the word "toegelaat" was being introduced unfairly to this witness. The witness has not said nor is there any evidence that anything was said at the meeting of the 26th that anyone would be prohibited from doing any particular thing. To introduce "toegelaat" as the opposite of that. It was the witness's own word that was introduced by My Learned Friend for the first time after the witness spoke of "uitsondering" or "vrygelaat". Then "toegelaat" is introduced for the first time as a substitute word.

COURT : I think you are incorrect. The answer was as follows. The question was "Beskuldigde nr. 5 meld van die ambulanse op die 3de" die vraag is "Beskuldigde nr. 5 meld van die ambulanse op 3 September." Toe sê hy "Iemand het dit gemeld. Ek onthou nie wie nie." Daar was nog ŉ vraag en die antwoord was "Die verpleegsters en dokters moet vrygestel word van die 'stay away'. Ambulanse kan toegelaat word om te ry om veral die verpleegsters te vervoer.

MR BIZOS : As an exception to the call of the stay away. The way it is being put ... (Court intervenes)

COURT : It may or may not be, but it does not mean that

the/...

the question is not a proper question.

MR BIZOS : May I make myself clear with respect. What I am objecting to is that there has been no evidence that anyone would be prohibited "belet" from doing any particular thing. There is a difference between a call and an exemption to the people called on and introducing for the first time allowing people to do it.

COURT : I have put to you it was introduced by the witness and not by the cross-examiner. The cross-examiner is now embroidering on that and he is entitled to do that. But seeing that the cat is out of the bag, he can continue with the cross-examination.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Ek het nie beoog om die kruisondervraging oor te neem nie. Ek vra net ter verduideliking van wat die getuie hierso vir die Hof meedeel. Die indruk wat ek het is dat u sê die enigste voertuie wat toegelaat sou word om te ry is die ambulanse. Is ek reg daar of verkeerd? -- Wat ek sê is dat die enigste vervoer wat vrygestel sou gewees het sou die ambulanse gewees het.

Met ander woorde, geen ander voertuie op die paaie nie, behalwe ambulanse? -- Die polisievoertuie was ook maar vrygestel, want toe ons gesê het die polisie sal werk toe gaan, het ons geweet dat die polisie gebruik maak van voertuie om werk toe te gaan.

Ja, maar ek kan dit ook aanvaar as dit almal polisievoertuie is. -- Ja.

Maar u het gesê die polisie laai mekaar op werk toe en dit kan ek nie verstaan nie. Hulle laai mekaar tog seker nie net met polisievoertuie op nie? Hulle gaan seker ook met hulle eie vervoer werk toe? -- Ja, dit is reg, hulle

maak/...

maak ook gebruik van hulle eie privaat voertuie, maar in die meeste gevalle gebruik hulle die Staatsvoertuie. Met ander woorde dit sou net van hulle, die polisie, afgehang het watter voertuie hulle gaan gebruik. Hulle kon die Staatsvoertuie gebruik het of alternatiewelik hulle privaat voertuie ook. Dit sou van hulle afgehang het wat hulle besluit het om te doen.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, wat is bespreek oor die privaat voertuie waarmee die polisie werk toe sou gaan op 3 September 1984? -- Ons het by hierdie vergadering ooreengekom en 'n versoek gerig dat privaat voertuie nie gebruik word nie. Ons het dus nie spesiaal die polisie se privaat voertuie bespreek nie, omdat ons dit aanvaar het dat indien hulle nou weet dat daar geen privaat voertuie die dag gebruik word nie, sal hulle die Staatsvoertuie die dag gebruik.

HOF : Maar is dit bespreek of is dit maar wat u gedink het?-- Ek sal sê ons het dit bespreek, want ons het die privaat vervoer bespreek as geheel. Ons het nie gespesifiseer wie s'n nie.

MNR. HANEKOM : Wat is bespreek oor privaat voertuie? -- Die gemeenskap het 'n versoek gerig dat ons die privaat eienaars sal moet versoek om nie gebruik te maak van hulle voertuie nie.

Het die vergadering so 'n besluit geneem? -- Ja, dit is so.

Behalwe die ambulansdiens en die polisie, is daar

ander/...

ander dienste bespreek wat normaalweg opereer? -- As ons van die ambulanse praat, praat ons van "essential services". "Essential services" sorteer onder dit wat benodig word te enige tyd.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Bedoel u dat ambulanse 'n noodsaaklike diens is of bedoel u "essential services" is genoem in die algemeen? -- Dit is wat belangrik is. Ambulanse het sorteer onder die vervoer wat ons as belangrik beskou het.

U verstaan nie my vraag nie. Ek wil weet is die woord of die terme nooddienste "emergency services" of "essential services" noodsaaklike dienste gebruik op die vergadering of het u net spesifiek gepraat van ambulanse en die polisie? -- Daar was melding gemaak van "essential services" waaronder die ambulanse ook gemeld was. Die res was nie spesifiek genoem nie, want ons het geweet gewoonweg wat daar eintlik kom is die ambulanse. So, dit is hoekom daar melding gemaak was van die ambulans.

MNR. HANEKOM : Die ander nooddienste of noodsaaklike dienste is glad nie bespreek nie. Is dit korrek? -- Melding was gemaak van die ander. Ek kan net nie meer spesifiek onthou watter een was ook gemeld nie.

Kan u onthou wat is gemeld oor die ander? -- Ek volg nie die vraag nie.

U sê u kan nie onthou watter ander dienste gemeld is nie. Die vraag is kan u onthou wat oor die dienste gemeld is? Wat daaroor bespreek is? -- Dat hulle vrygestel is van die "stay away".

Het die vergadering besluit alle nooddienste is vrygestel van die "stay away"? -- Ja, dit wat ons gewoond is wat

sulke/...

sulke tipe nooddienste verrig te Sebokeng was vrygestel.

HOF : Nee, die vraag is, was daar gesê alle nooddienste word vrygestel? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Watter ander nooddienste funksioneer normaalweg wat u aan kan dink? -- Wat ek onthou is die ambulanse, die polisie. Ons is maar daaraan gewoond dat die polisie altyd aan diens is te Sebokeng. Dit is al wat ek kan onthou.

HOF : En noodsaaklike dienste, afgesien van nooddienste? -- Ek maak nie ŉ verskil tussen die twee nie. Wat my betref is noodsaaklike dienste "essential" dienste net dieselfde as nooddienste.

Hoe is julle sanitêre stelsel in Sebokeng? Is dit ŉ emmersisteem of ŉ spoelsisteem? -- Spoelsisteem.

Is daar in die hele gebied geen emmersisteem nie? -- Nie in 1984 nie. Daar was geen emmers gewees nie.

MNR. HANEKOM : Was daar daagliks vuilgoedverwydering? -- Ja, daar was.

Is daar iets daaroor bespreek? -- Volgens ons ooreenkoms en besluit daar, is die mense wat daarmee werk net so goed soos werknemers. Dit beteken dus dat hulle ook maar onder die "stay away" sorteer het.

Was dit bespreek dat die Lekoa Stadsraad ingelig moes word oor die "stay away" en dat hulle versoek word om nie hierdie dienste te lewer op 3 September nie? -- Nee, ons het dit nie gedoen nie.

Waarom nie? -- Omdat van die Stadsraad se werknemers ook by hierdie vergadering teenwoordig was, dat hulle ook deelgeneem het aan hierdie besluite en ook dieselfde gevoel het oor hierdie huurgelde. So, dit was toe nie besluit om hulle nog verder te verwittig nie, want selfs met ons,

ons/...

ons moes self met ons werkgewers gereël het die dag van die 3de. Toe ons hulle ingelig het dat ons nie daar gaan wees daardie dag nie, het ons hulle gevra om ons toe te laat om nie daar te wees nie, ons het probleme met huurgeld. Dit was besluit by hierdie vergadering deur ons wat daar teenwoordig was dat ons ander ook in kennis sal moet stel dat hulle later hulle werkgewers sal moet verwittig van hierdie besluit met die oog daarop om toestemming dan te vra.

Is dit inderdaad later gedoen? -- Nee, ons het nie gesê ons gaan namens daardie mense die werkgewers vra nie. Die besluit was dat elkeen sal self die werkgewer nader en hierdie toestemming vra vir hierdie dag se wegbly.

Op 2 September se vergadering het u enige terugvoering gekry met betrekking tot die werknemers van die Stadsraad? -- Nee, 2 September was ŉ vergadering van die komitees alleen en nie die inwoners nie. So, daar was nie so ŉ terugvoering gewees nie.

Is dit op enige stadium besluit wat die posisie sou wees van Blankewerknemers van die Stadsraad en die Administrasieraad wat noodwendig daagliks in die gebied ry? -- Nee, niks was omtrent daardie persone gesê nie.

Was daar niks van hulle voertuie gesê wat sou funksioneer op 3 September nie? -- Weens die feit dat daar werknemers was van die Stadsraad wat later sou gaan vra het van die werkgewer om afwesig te wees hierdie dag, sou die Stadsraad op hierdie manier geweet het dat daar nie gewerk sal word die dag nie. Dus sou hulle geweet het wat die toestand gaan wees aangaande die gebruik van voertuie.

Was daar ŉ bespreking gevoer oor afleweringsvoertuie wat van buite af die gebied daagliks binnekom? -- Al het

ons/...

ons hulle nie direk verwittig nie, het die mense vir die hele week voor daardie dag aflewerings daar gedoen. So, hulle moes gehoor het in daardie week.

HOF : Die vraag is, is daar 'n bespreking gevoer op die vergadering van 26 Augustus oor afleweringsvoertuie? -- Die mense wat aflewerings doen word beskou as werknemers en ons het ooreengekom by hierdie vergadering dat al die werknemers nie werk toe sal gaan nie.

Maar die vraag is, afleweringsvoertuie wat van buite inkom? -- Dit was besluit by hierdie vergadering dat mense mekaar moet sê van hierdie besluit vir hierdie dag en daar is mense wat aflewerings doen wat in die Vaal woonagtig is. Met hierdie versoek wat aan hulle gerig was, het ons aanvaar dat hulle die ander afleweringspersone van ander areas van hierdie besluit sou verwittig het.

MNR. HANEKOM : Was daar enige bespreking gevoer oor wat die posisie sou wees met privaat voertuie wat inderdaad op 3 September in die gebied sou opereer? -- Na aanleiding van die vraag oor die bestoking van voertuie met klippe by hierdie vergadering, het ek 'n beroep gedoen op die persone daar teenwoordig aangaande dit en die mense versoek om hulle self goed te gedra hierdie dag. Selfs die mense wat my ondersteun het, het dit ook gevra dat mense hulle self goed moet gedra die dag. Die versoek was gerig aan die gehoor daar teenwoordig, met die oog daarop dat dit deur hulle versprei moet word in die gemeenskap van daardie omgewing.

Is dit bespreek wat moontlik met privaat voertuie sou kon gebeur op 3 September? -- Dit was nie bespreek nie, want dit was duidelik van die gehoor, dit wil sê ingesluit

die/...

die persone wat voertuie besit het, dat hulle verstaan en aanvaar het dat die voertuie nie gebruik sal word hierdie dag nie en die manier van ooreenkoms daar, die samewerking van hulle het dit aangedui. Ons het dus nie verwag dat daar enige persoon gaan wees wat vir ons gaan sê dat ek sal gebruik maak van my voertuig nie, want dit was aan ons duidelik gewees dat almal daarmee akkoord gaan.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Mnr. Hanekom, die laaste twee vrae het u vir my nie heeltemal duidelik geformuleer nie. Bedoel u - het u in gedagte privaat voertuie wat van buite kom on sake te kom doen of besoek af te lê, van buite?

MNR. HANEKOM : Dit is korrek. Was daar enige bespreking gevoer oor wat moontlik sou kon gebeur met privaat voertuie van Blankewerknemers van die Administrasieraad of die Stadsraad of privaat voertuie wat van buite die gebied sou binnekom op 3 September? -- Op dit het ek self 'n beroep gedoen op die mense daar teenwoordig, dit is die gehoor, dat hulle hulle self goed moet gedra. Daar moenie 'n geval wees waar klippe gegooi word nie, die geval waarvan die ander man melding gemaak het dat daar so 'n moontlikheid bestaan. Die beroep van my was ondersteun deur sekere van die mense daar in daardie vergadering. Met ander woorde, ons het dus geweet dat al kan daar 'n voertuig beweeg wat aan die Administrasieraad behoort hierdie dag, sal dit niks oorkom nie.

Was Masinya op u lysie van sprekers wat die dag sou optree? --Nee, sy naam was nie op die lysie nie.

Op watter stadium het Masinya 'n toespraak gemaak op die vergadering? -- Na mev. Matsaneng se toespraak het Masinya toe ook gepraat.

Hoe/..

Hoe het dit gekom dat hy praat? -- Masinya het ŉ hand opgelig. Ek het hom toegelaat om te kom praat.

Wat het hy vir die gehoor gesê? -- Masinya het gesê as ŉ inwoner van Gebied 7 hy besef dit ook dat hierdie verhoging van huurgelde swaar gaan wees vir die mense om te betaal. Hy het iets gesê oor die raadslede. Ek het net nie gehoor wat presies hy oor hulle gesê het nie.

Kan u onthou wat die strekking van sy woorde was oor die raadslede? -- Ja, dit was om die raadslede te blameer oor die verhoging van huurgelde.

Wat gebeur toe? -- Onmiddellik toe hy dit gesê het, het ŉ vroumens van die gehoor opgestaan en gesê alvorens Masinya enigiets daaromtrent kan sê, moet hy nou sê aan watter kant van die draad hy is, veral dat hy nou die raadslede blameer. Na aanleiding van wat hierdie vroumens gesê het kon Masinya toe nie voortgaan met sy toespraak nie, want daar was toe van die gehoor mense wat hierdie vroumens ondersteun het deur te sê byvoorbeeld dat Masinya moet sy standpunt aan die vergadering verduidelik, wat sy standpunt is alvorens hy iets verder kan sê.

Die vrou wat ons weet Maria Dlamini was, het sy Masinya direk aangespreek of het sy vir u as voorsitter aangespreek? -- Sy het net opgestaan en hierdie woorde gebesig. Of sy nou dit aan my gerig het om iets daaromtrent te doen en of sy dit direk aan Masinya gerig het, kon ek nie bepaal nie, want daar was toe ŉ groot geraas gewees.

<u>HOF</u> : Wel, het sy gesê "Jy", gerig aan Masinya of het sy gesê "Hy" gerig aan u? -- Ek haal aan wat hierdie persoon gesê het "Masinya moenie praat nie, alvorens hy vir ons sê wat die verhouding is op die huidige stadium tussen

homself/...

homself en die raadslede."

MNR. HANEKOM : Wat het sy verder gesê? -- Dit is die woorde wat ek gehoor het wat deur haar, die vroumens, gebesig was.

Het sy enigsins gesê Masinya moet homself distansieer van die raadslede? -- Ja, dit is wat hierdie vroumens bedoel het met hierdie woorde wat sy gebesig het dat Masinya moet homself duidelik maak en "disassociate" van die raadslede.

HOF : Dit is disassosieer of losmaak van? Distansieer soos die advokaat sê? -- Wat ek verstaan het was dat Masinya moet nou vir ons hier sê wat is hy. Is hy nou aan die kant van die raadslede of watter kant is hy. Dit is wat ek verstaan het. Ek weet nie wat sy in gedagte gehad het nie, maar dit is wat ek verstaan het. Dit wil sê alvorens hy enigiets sleg oor die raadslede sê, moet hy homself verklaar aan watter kant hy staan.

MNR. HANEKOM : Behalwe dit dat hy moes verklaar aan watter kant hy staan, het sy 'n positiewe stelling gemaak dat hy hom self moet losmaak van die raadslede of die raadstelsel?

HOF : Is ons nou met wesenlike dinge besig of nie? As u nou gaan stel dat die advokaat gesê het jy moet jou distansieer, dan is dit presies wat die getuie nou vir my vertel het. Ons moet asseblief in hierdie saak darem met belangrike geskilpunte besig bly en nie met beuselagtighede nie. Ek het nog nooit gedink dat dit besonder goeie kruisverhoor is om oor en oor 'n getuie te laat vertel wat hy in sy hoofgetuienis gesê het nie, behalwe as daar 'n kernpunt is wat jy kan optel. Ons kan die ding baie vinniger doen.

MNR. HANEKOM : Waarom het Masinya nie sy toespraak voortgesit nie? -- Ek weet nie waarom hy dit nie voortgesit het nie, want ek het hom geroep om sy toespraak te kom

voltooi/...

voltooi. Ek het nog gesê dit is reg vir almal op hierdie vergadering om te verstaan wat sy gevoel is.

Was daar enige sprake dat hy nie toegelaat sal word om weer te praat voordat hy die raadslede repudieer nie? -- Dit is wat die vroumens gesê het, maar ek sê ek het hom toegelaat om nog te praat. Na die vroumens gesit het, het ek nog vir Masinya geroep dat hy nog verder moet kom praat. Hy het toe dit duidelik gemaak dat hy nie meer voortgaan met sy toespraak nie.

Het die hele gehoor opgewonde geraak op daardie stadium toe Dlamini hom onderbreek het? -- Nie die hele gehoor nie, net daardie klompie mense wat hom nie toegelaat het om te praat nie, maar die meerderheid het hom toegelaat om te praat.

Die groepie wat hom nie toegelaat het nie, kon u hulle plaas, was hulle aan enige groep verbonde of nie? -- Nee, ek kon hulle nie aan enige organisasie of enige ander vereniging verbind nie, maar ek sal net sê dit was mense wat die vergadering bygewoon het.

Was daar 'n groot geraas op daardie stadium in die gehoor? -- Ek sal nie die geraas kwalifiseer nie. Al wat ek kan sê is daar was 'n geraas gewees. Mense het verskillende dinge gesê wat ek nie kan beskou as 'n groot geraas nie.

<u>HOF</u> : Wat 'n groot geraas is en nie 'n groot geraas is nie verskil seker van persoon tot persoon. Was dit so dat 'n mens nie meer die sprekers kon hoor nie? -- Ek sal liewers sê dit is mense wat gepraat het. Party sê hy moet toegelaat word om te praat en die ander sê. Dit kon ek nog hoor.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Wat was u indruk, waarom wou die groep wat hom nie wou laat praat het nie, waarom was hulle gekant

daarteen/...

daarteen dat hy moet praat? -- Ek het nie verstaan hoekom die mense nou teen hom was dat hy nie moet praat nie. As ek vir myself moet dink en ŉ besluit moet neem hoekom hulle dit gedoen het, dink ek miskien dit is omdat hulle hom die vorige jaar gesien het waar hy ook nou betrokke was as ŉ kandidaat waar hy aan die verkiesings wou deelgeneem het.

Was dit nie so dat die mense gekant was teen die raadslede en die raadstelsel en daarom het hulle so gereageer toe hy daarvan praat nie? -- Nee, volgens my siening daar was dit nie ŉ kwessie van dat die gemeenskap nie die raadslede wou gehad het of nie van hulle gehou het nie, maar hulle het net nie gehou van die tipe werk wat die raadslede doen nie.

HOF : Ja, maar laat ons nou ŉ bietjie duidelikheid kry. Was die raadslede populêr by die aanwesiges op die vergadering of onpopulêr? -- Onpopulêr.

Nou wat die advokaat aan u stel is omdat dit onpopulêre mense is, het die naam van raadslede, die noem van raadslede nie ŉ reaksie uitgelok nie? -- As ek die vraag reg verstaan is die antwoord op die vraag dit is omdat die persone daar aanwesig nie tevrede was met die werk van die raadslede nie.

Die vraag is dan, die noem van die woord raadslede of "council" het ŉ reaksie uitgelok? -- Ja, ek kan sê dit is so.

En die mense was kwaad? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Het enige persoon op daardie vergadering, 26 Augustus se vergadering, voorgestel dat daar op 3 September ŉ optog moes wees? -- Mnr. Maruping het dit voorgestel.

Wat het hy gesê moes die doel wees van die optog? -- Wat hy gesê het is om nou weg te bly van die werk af en vir onsself te sê ons hou nou "rallies", sal ons nie baat nie.

Hy/...

Hy het toe 'n voorstel gemaak wat eintlik 'n beter voorstel sal wees is dat die gemeenskap moet die griewe na Houtkop toe neem.

Het hy daarop uitgebrei hoe die griewe oorgedra moes word? -- Nee, hy het net gesê ons moet die griewe wat ons het soontoe neem, vernaam hierdie een aangaande die huurgelde.

Het hy gesê wat bereik moes word daardeur deur die griewe te gaan oordra by Houtkop? -- Nee, hy het nie gesê nie.

Beskuldigde nr. 10 het getuig in volume 161 op bladsy 7 904 dat mnr. Maruping voorgestel het dat die optog na Houtkop moes plaasvind en dat die griewe en die eise daar oorgedra moes word aan die Administrasieraad om te dien as 'n basis vir die begin van samesprekings tussen die inwoners en die Administrasieraad? -- Nee, herhaal die vraag? Ek verstaan nie die vraag so mooi nie.

Ek sê beskuldigde nr. 10 het getuig dat mnr. Maruping die optog voorgestel het en voorgestel het dat die griewe en die eise van die mense by Houtkop moes oorhandig word aan die Administrasieraad as 'n basis vir die begin van samesprekings tussen die mense en die Raad? -- Ek sal nie daarmee stry of ek sal nie ontken dat hy so gesê het nie, want in die voorstel het hy gesê dat die griewe na Houtkop toe geneem moet word na die Administrasieraad toe.

Waarom moes die griewe aan die Administrasieraad voorgelê word en nie aan die Stadsraad nie? -- Die griewe was geneem na die Administrasieraad toe omrede die mense teenwoordig by hierdie vergadering het alreeds dit duidelik gemaak dat hulle nie meer 'n vertroue het in die Stadsraad

nie/...

nie, dit wil sê die raadslede. Dit is juis om daardie rede dat hulle die beroep gedoen het op die raadslede se bedanking in die Vaal. Die besluit wat verder by hierdie vergadering geneem was, was dat as die raadslede van die Stadsraad van Lekoa besluit om teenwoordig te wees met hierdie besprekings oor hierdie griewe van die gemeenskap wat oorgedra gaan word aan die Administrasieraad, dan het hulle geen beswaar nie. Dit wil sê as hulle besluit het om teenwoordig te wees tesame met die Administrasieraad se amptenare waar die besprekings uitgevoer word aangaande die griewe.

HOF : Is daar nie versoek dat hulle teenwoordig moet wees nie? -- Nee, glad nie.

MNR. HANEKOM : Was dit ook u eie gevoel op daardie stadium dat dit nie sou baat om met die raadslede te onderhandel nie? -- Dit was my gevoel ook.

Het u gesien toe mnr. Masinya die vergadering verlaat het of nie? -- Ek het hom gesien die vergadering verlaat.

Op watter stadium was dit? -- Dit was omtrent naby die einde van die vergadering wat te doene gehad het met die bespreking van die huurgelde net terwyl die resolusies daar bespreek was. Ek sal sê die resolusies was alreeds gedoen en dit was net finaal gelees.

HOF : U bedoel die besluite is alreeds aanvaar en finaal voorgelees of bedoel u die besluite is reeds bespreek maar nog nie vir finale goedkeuring aan die vergadering gestel nie? -- Die besluit was alreeds geneem oor die resolusies.

MNR. HANEKOM : Waarom kan u so spesifiek onthou dat mnr. Masinya toe geloop het? Het daar enigiets gebeur toe hy loop? -- Daar is niks spesifiek nie behalwe om vir die Hof te sê dat Masinya het nie ver van my af gesit nie. Hy

was/...

was voor my gewees en hy was sigbaar.

Mnr. Maruping wat van die optog gepraat het, het u hom op daardie stadium geken? -- Ja ek het hom geken.

In watter gebied het hy gewoon? -- Gebied 3.

Het hy enige ander vergaderings bygewoon waar u ook teenwoordig was voor 26 Augustus? -- Ja, dit was by die "house meeting" in Gebied 3.

Is dit die huisvergadering by beskuldigde nr. 10 se huis?

HOF : Een of meer? -- Een.

MNR. HANEKOM : Kan u onthou watter een dit was? -- Dit was op die 23ste.

HOF : Augustus? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Dit is seker nie van soveel belang nie, maar ek wil dit net aan u stel. U getuienis was dit was op die derde huisvergadering, 21 Augustus, maar wat ek u wel vir u wil vra is, op die vergadering waar u en mnr. Maruping albei was, het mnr. Maruping deelgeneem aan die besprekings? -- Ek kan nie op hierdie spesifieke vergadering onthou of hy gepraat het nie, maar daardie dag, die meerderheid van ons het daar gepraat oor idees wat ons vir mekaar gegee het hoe om 'n vergaderplek te bekom en waar. Die vergaderings wat ons in Gebied 3 gehou het, was die vergaderings oor die vergaderplek waar om een te kry waar ons die massavergadering kan hou.

Net in billikheid teenoor u en om die rekord reg te kry. My aandag word nou daarop gevestig dat u u eie getuien in-hoof gekorrigeer het en later gesê het u het 'n fout gemaak Maruping was wel op die 23ste se vergadering daar en nie op die 21ste nie. Ek het nie u getuienis verstaan

nie/...

nie. Wat was op die vergadering waar Maruping was die hoof punte wat bespreek was by die huisvergadering?

HOF : Is dit nou nodig om weer ŉ keer deur al die huisvergaderings te gaan?

MNR. HANEKOM : Nee, ek is jammer, ek het net nie die getuie se antwoord gekry op wat bespreek was nie.

HOF : Die getuie het net eenvoudig gesê die hoof onderwerp van bespreking was ŉ plek vir ŉ vergadering.

MNR. HANEKOM : Het mnr. Maruping deelgeneem aan daardie vergadering?

HOF : Die antwoord was hy weet nie wie deelgeneem het nie, maar die meeste van hulle het gepraat. Elkeen het maar sy bydrae gelewer soos dit maar gaan by die vergaderings.

MNR. HANEKOM : Mnr. Khabi het ook op 26 Augustus gepraat. Is dit reg? -- Ja, dit is reg, hy het gepraat.

Het hy enigiets oor raadslede gesê? -- Ja, hy het melding gemaak van die probleme wat hulle ondervind te Evaton aangaande hulle standplase waar die raad van Evaton besig is om ŉ "replanning" te maak van hulle eie standplase.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Het Evaton ŉ aparte raad van die Lekoa raad of bedoel u die raadslede of bedoel u die Administrasieraad? -- Evaton het sy eie raad. Dit is die Evaton Town Council. Dit sorteer nie onder Lekoa nie. Lekoa is bedoel vir die ander woonbuurtes uitgesluit Evaton.

Maar Lekoa sluit dan in Sebokeng, Boipatong, Bophelong, Sharpeville? -- Ja.

En Small Farms nie? Dit val onder Evaton? -- Dit val onder Evaton.

Is daar nou nog iets behalwe wat ek vir u genoem het wat/...

wat onder Lekoa val? -- Zandela in Sasolburg, Refeng Kgotso. Hy is ook net anderkant die rivier. Dit is anderkant die Vaalrivier.

Wat is die plek se naam? -- Refeng Kgotso.

Waar lê dit? -- Ek is nie seker nie, maar as my geheue my nie in die steek laat nie, is dit Viljoensdrift, maar dit is naby daardie plek.

So, die kompleks daar was Sebokeng, Sharpeville, Boipatong, Bophelong, dit is bymekaar en dan by Sasol was dit Zandela en by Viljoensdrift was daar Refeng Kgotso? -- Ja, dit is so.

Maar is daar ŉ ander plek met die naam van Tsirela? -- Dit is nog ŉ gedeelte van Boipatong.

Is dit ŉ wyk of ŉ gebied van Boipatong? -- Dit vorm ŉ sekere gedeelte van Boipatong en dit is bekend as Tsirela.

MR BIZOS : Whilst Your Lordship is making a note of this. It is a matter which confused us for some time as well. May I just add that the evidence will be that a portion at least of Zone 7 Sebokeng is Evaton ground.

COURT : It falls under Evaton Town Council?

MR BIZOS : It falls under Evaton Town Council but apparently administratively still as Sebokeng because during this interim period ... (Court intervenes)

COURT : So, it was administered by Lekoa?

MR BIZOS : Well, the evidence will be that they had to pay the rent to Lekoa apparently although it was trust land which was being administered by Evaton.

COURT : By Sebokeng?

MR BIZOS : No, it was part of Sebokeng, but because of some transfer of land, a portion of Zone 7 Sebokeng was

administered/...

administered by - was under the jurisdiction of Evaton. That will be the evidence. May I say that Small Farms is part of Evaton but it is adjacent to at least two zones and there is overlapping of population so to speak and we had a situation and this is really where I think the confusion arises that up to October 1983 we understand the whole thing was administered from Houtkop including Evaton in some ways.

COURT : Yes, that had to be because the change came about on 1 January 1984.

MR BIZOS : That is correct. So, at the time of the elections in November there was confusion in the whole area as to what was what. I am saying that so that Your Lordship can have the clear or semi-confused picture as it was viewed by the people and that is what the evidence will be.

HOF : Ek wil nog een vraag vra. Nou dat ek gehoor het dat Evaton 'n aparte Stadsraad het, dit is iets wat ek nie geweet het tot dusver nie, het die huur van Evaton ook opgegaan? -- Ja, dit is so.

Gelyktydig met dié van Lekoa? -- Ja, dit is so.

En met dieselfde bedrag of met 'n ander bedrag? -- Nou het ek by die punt gekom wat u probeer opklaar. Daar is sekere huis geleë in Gebied 7 wat onder Evaton se grond sorteer maar op die grond is daar huise wat aan Gebied 7 behoort en die huise se huur is verhoog net soos die huise wat eintlik onder Gebied 7 se area sorteer, alhoewel hulle op Evaton se grond is.

En met dieselfde bedrag? -- Ja, met dieselfde bedrag.

Nou wil ek nog duidelikheid hê. Ek het begryp dat Evaton is, soos julle dit noem "freehold" eiendomsreg.

Ja/...

-- Ja, dit is so.

So, as daar huur betaalbaar was dan was dit ŉ onderlinge reëling van die eienaar van die stuk grond en sy plakkers? -- Ek wil nie baie sê oor Eavton nie. Ek is nie veel op hoogte met wat daar gebeur het nie. Al wat ek vir die Hof kan sê is dat daar sekere gelde is wat betaal word elke einde van die maand deur die mense op Evaton. Ek weet nie of dit nou die grondbelasting is nie, maar wat ook kort-kort verhoog word. Ek is dus nie in staat om vir die Hof ŉ duidelike prentjie te gee daaromtrent nie.

Heel moontlik is dit dienstefooie. Weet u of daardie gelde wat elke maand betaal word ook verhoog is op daardie stadium? -- Ja, ek het so verneem.

MNR. HANEKOM : Val Tumahole nie ook onder Lekoa Stadsraad nie? -- Nee.

Goed, ons is by mnr. Khabi. Het hy enigiets gesê oor raadslede en huurgeld? -- Ja, hy het gesê dat hulle nie voldoen aan hulle beloftes nie en tweedens, as hulle geld verhoog, doen hulle dit sonder om enige gesprekke uit te voer met die inwoners.

Het hy ŉ stelling gemaak dat die raadslede die geld vir hulle eie privaat doeleindes aanwend? -- Ek kan nie onthou dat hy sulke woorde gebesig het nie.

Reverend Mahlatsi het nie ŉ toespraak gelewer op die vergadering van 26 Augustus nie. Is dit reg? -- Dit is reg, hy het nie ŉ toespraak gelewer nie.

Sy naam was op die lysie as ŉ spreker? -- Sy naam was daar gewees.

Waarom het hy nie gepraat nie? -- Wat gebeur het is die volgende. Na Matlole die vergadering geopen het met

ŉ/...

ŉ gebed het Mahlatsi gesê dat hy die persoon is wat eintlik die vergadering met ŉ gebed moes geopen het. Ek het toe van hom verneem of hy deel sal neem as ŉ spreker, waarop hy toe aan my duidelik gemaak het dat hy eintlik net sou geopen het met ŉ gebed en nie ŉ toespraak sou lewer nie.

Het hy daar vir u eenkant dit kom sê na beskuldigde
K539 nr. 17 sy gebed gedoen het? -- Hy het saam met my daar by die tafel gesit.

Waarom het u nie hierdie inligting vroeër vir die Hof gegee toe u oor Mahlatsi gevra was nie? -- Nee, maar toe ek oor hom gevra was, was al wat gevra was het Mahlatsi gepraat daar as ŉ spreker. In antwoord het ek gesê hy het nie gepraat nie. Dus na daardie antwoord was ek toe nie verder gevra om daarop uit te brei hoekom hy nie gepraat het nie.

Was daar enige ander sprekers se name op die lysie wie toe nie gepraat het nie? -- Ja, een.

Wie was dit? -- Beskuldigde nr. 7, David Mphuti.

<u>MNR. BIZOS VRA VERLOF VIR BESKULDIGDE NR. 13 OM DIE HOFSAAL TE VERLAAT</u>.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Waarom het hy nie gepraat nie? -- Dit is omdat hy laat by die vergadering opgedaag het. Toe ek hom gevra het dat hy nou moet kom praat het hy aangedui dat hy nie sal praat nie.

Op watter stadium het hy by die vergadering opgedaag? -- Dit is toe die mense baie gevra het aangaande die resolusies se voorstelle.

Toe die voorstel - op die stadium toe die voorstelle bespreek is, toe die voorstel bespreek is dat raadslede gevra sal word om te bedank, het enigiemand in die bespreking

gesê/...

gesê wat sal gebeur as hulle nie bedank nie? -- Ja.

Wat was dit? -- Mev. Matsaneng het gesê sy stel voor dat ons hulle, die raadslede se besighede moet boikot.

Het sy gesê vir hoe lank die besighede geboikot moet word? -- Ja. Sy het gesê tot tyd en wyl hulle die belofte weer moet maak dat hulle hulle samewerking gaan gee aan die gemeenskap of alternatiewelik tot tyd en wyl hulle bedank.

Was dit die eerste keer dat die kwessie van die raadslede se besighede geboikot moet word geopper is op daardie vergadering? -- Ja.

Het dit algemene byval gevind by die aanwesiges? -- Ja, dit was aanvaar.

Was dit ook as 'n resolusie aanvaar? -- Ja, dit was aanvaar as 'n resolusie.

Het die resolusie gelui dat hulle besighede geboikot moet word tot hulle bedank of totdat hulle hulle samewerking gee of hoe het die resolusie gelui? -- Wat daar geskryf gestaan het was die besighede sal geboikot word tot tyd en wyl hulle bedank. As ek dit mag regstel. Die besluit na die resolusie aanvaar was, dat as die raadslede nie bedank nie, dan moet hulle besighede geboikot word, het nie 'n bepaalde tyd gehad nie.

Was dit daardie dag as 'n resolusie aanvaar dat die busse en taxi's nie moet funksioneer op 3 September nie? -- Ja, dit is so.

U het hierdie twee resolusies dat die besighede geboikot word, dat die raadslede moet bedank en dat busse en taxi's nie moet opereer nie, nie in u hoofgetuienis gemeld nie? -- Het u gepraat van die huurmotors alleen?

Die huurmotors en die busse en die raadslede wie se

besighede/...

besighede geboikot moet word? -- Om nie melding te maak van die huurmotors en die busse nie, dat daar ŉ resolusie oor hulle geneem was, is omdat dit alreeds bespreek was tussen die gemeenskap en ons teenwoordig by die vergadering, dat daar ŉ gesprek gevoer sal word met die eienaars van hierdie voertuie dat die voertuie nie op hierdie dag moet opereer nie.

Die vraag is is dit as ŉ resolusie aanvaar of nie? -- Ja, dit was as ŉ resolusie aanvaar.

Op watter stadium het Esau by die vergadering opgedaag? -- Na ons klaar was met die resolusies terwyl ek my dank oorgedra het aan die gemeenskap en die manier waarop ons gewerk het met hierdie vergadering, het Esau daar opgedaag.

Beskuldigde nr. 10 se getuienis was dat Esau vroeër gekom het terwyl die voorstelle nog onder bespreking was? Dit is in volume 151 op bladsy 7 908. Wat sê u daarvan? -- Sal u omgee om vir my te lees wat sê hy daar?

Die getuienis lees so "Whilst the resolutions were being put to the meeting, was Esau Raditsela there?" Dan is die antwoord "I saw Esau coming into the hall immediately as I was through with the resolutions." Dan gaan dit aan "When the resolutions had been put?" en dan is die antwoord "That is so." "And had been voted on or not?" en die antwoord "There was still some voting on." "Was it at the beginning when the resolutions were about to be put or had a substantial number of the resolutions already been put when Esau Raditsela arrived there?" en die antwoord is "It was still a few debates, very small debates that were still going on at that stage." -- Ek sien nie so ŉ groot verskil daaromtrent nie, want onmiddellik na hy gepraat het, dit

is/...

is beskuldigde nr. 10, het ek opgestaan en my dank uitgespreek teenoor die mense op die manier hoe ons daar gewerk het. Soos ek alreeds gesê het hier in die hof ons mag miskien verskil met tye hier en daar.

U sê dit is nie 'n verskil nie. Het Esau gesê waar hy vandaan kom toe hy daar aankom? -- Hy het nie op daardie stadium kans gehad om dit bekend te maak waarvandaan hy kom nie, want onmiddellik toe hy daar gekom het, het ek ook die gedagte gekry dat ek gaan nou vry wees. Ek het hom toe versoek om die werk oor te neem.

Het u op enige stadium daarna vir hom gevra waar hy was? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

En hy het dit ook nie genoem op enige stadium nie? -- Nee, nie aan my nie.

En aan die vergadering? -- Nee, hy het nie.

Het Esau die werk by u oorgeneem op die vergadering? -- Ja, as 'n kiesbeampte.

HOF : Bedoel u met kiesbeampte iemand wat voorsit en nominasies vra of bedoel u met kiesbeampte 'n persoon wat uiteindelik die stemme tel? -- Hy het die hele werk ten volle gedoen.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Beteken dit voorsitterskap oorgeneem? -- Ja, dit is so. Wat ek by kan noem is dat ek hom versoek het dat hy hierdie taak moet uitvoer met die verkiesing van die komiteelede van Gebied 3. Dat hy daardie taak sal moet uitvoer onder sy beheer.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K540 NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane

het/...

het Esau op 26 Augustus op enige stadium, hetsy toe hy by die vergadering aangekom het of na die vergadering gesê waar hy vroeër was? -- Nee, hy het nie.

Het hy by die vergadering van 2 September gerapporteer waar hy was op 26 Augustus? -- Nee, hy het geen melding daarvan gemaak op die 2de nie.

U getuienis was dat nadat die komitee vir Gebied 3 gekies is, het die komitee agtergebly. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Het u enige toesprakie gemaak nadat u as voorsitter van Gebied 3 gekies is?

HOF : Waar? By die vergadering of by die komiteevergadering?

MNR. HANEKOM : By enige van die geleenthede, òf by die vergadering òf by die komiteevergadering na die tyd? -- Na die verkiesings daar het ek kortliks my dank uitgespreek.

In die groot vergadering? -- Na die verkiesings daar.

Waar het die komitee na die tyd vergader? -- Na die vergadering uit was, het die gehoor die lokaal verlaat en ons is ook uit. Buite het ek vir Edith geroep en met haar ŉ gesprek gevoer deur by haar te verneem wat stel sy voor wanneer kan ons bymekaar kom.

Was dit net ŉ gesprek tussen u en Edith of was die komitee, u eie komiteelede en Edith se komiteelede ook teenwoordig? -- Toe ek haar vir die eerste keer geroep het was dit net ek en sy wat betrokke was in hierdie gesprek. Na ek haar gesê het dat dit belangrik was dat ons as komitee bymekaar moet kom oor hierdie resolusies wat hier aanvaar was, het ons die lede van die komitees ook bymekaar geroep. Hulle was nog nie weg gewees nie.

Toe die komitees by kom het u toe weer teruggegaan

en/...

en in die saal gaan vergader of buite? -- Dit was nie 'n lang vergadering gewees nie, wat lank geduur het nie, met die gevolg is ons het net daar buite gestaan en praat alhoewel die saal nog oop was.

Was u hele komitee teenwoordig? -- Nee, nie die hele komitee van my nie.

Wie was nie daar nie? -- Ephraim Debate was nie daar nie en Reverend Jacob Mahlatsi.

Wat wou u eintlik bespreek met die Gebied 7 mense? Hoekom het u bymekaar gekom? -- Ons wou die reëlings bespreek het, watter reëlings getref moet word en wanneer dit gedoen moet word aangaande die versoek van die gemeenskap dat daar griewe oorgedra moet word aan die Administrasieraad.

Was daar van VCA se uitvoerende bestuurslede by by hierdie bespreking tussen julle twee komitees? -- Na ek en Edith ooreengekom het dat ons bymekaar moet kom en die lede van ons komitees bymekaar geroep het, was teenwoordig daar van die VCA ook genooi om dit by te woon.

Wie was dit? -- Mnr. Vilakazi, beskuldigde nr. 10 was teenwoordig en Esau Raditsela. Ons het hom geroep terwyl ons daar gepraat het. Hy was ook by gewees.

HOF : Net die twee? -- Ja, van die besturende komitee van VCA was net die twee teenwoordig.

MNR. HANEKOM : Het Esau deelgeneem aan die besprekings daar? -- Nie direk nie. Hy was by gewees en hy het gehoor wat daar bespreek was tussen ons, dit wil sê ek en Edith. Na ons besluit het, het hy ook maar net gesê ja, dit is reg.

Waaraan het hy sy goedkeuring gegee? Wat was reg? -- Die gesprek was tussen ons twee in die teenwoordigheid van die komiteelede tesame met hierdie persone wat ek nou net

genoem/...

genoem het. Die bespreking het gegaan oor die dag van 'n vergadering wat ons bymekaar 'n vergadering moet hou. Na ons dit bespreek het, het die komiteelede ook hulle goedkeuring gegee sowel as Esau wie ook sy goedkeuring gegee het.

En u het besluit om op 2 September te vergader? -- Ja, op 2 September.

Het u ooreengekom oor 'n agenda van wat sou bespreek op die 2de se vergadering? -- Ja, dit was met die oog daarop om 'n voorbereiding te maak van hoe, op watter manier sal hierdie griewe oorgedra word aan die Administrasieraad. Ons moes dit bespreek het en dit ook daar gereël het.

Is daar op die stadium, op die 26ste al bespreek hoe die resolusies uitgevoer sou word? -- Die twee komitees bymekaar het ooreengekom dat die resolusies aan Esau gegee sal word wat dan later dit gedruk sal laat word sodat dit later na die druk daarvan versprei kan word om 'n aankondiging te maak aan diegene wat nie teenwoordig was toe die resolusies aangeneem is nie.

Is 'n memorandum op daardie stadium bespreek? -- Nee, nie op daardie stadium nie. Die memorandum was nie bespreek nie.

Is daar enigiets gemeld oor 'n memorandum? -- Nee, niks daarvan was gemeld nie.

Is daar nie tussen die twee komitees ooreengekom dat op die 2de daar ernstig gekyk sal word na die memorandum nie? -- Nee, nie op die 26ste nie, glad nie. Wat daar bespreek was was die manier waarop die griewe aan die Vaal Administrasieraad voorgelê moet word.

En wat was dit? -- Ons het nog nie besluit wat ons gaan doen nie.

Wat is bespreek daaroor? -- Wat daar bespreek was was die voorlegging van die griewe soos versoek aan die Administrasieraad hoe dit gedoen moet word en tweedens, die optog, hoe die optog te werk sal gaan.

Is dit op daardie stadium, die 26ste bespreek hoe die griewe oorgedra sal word aan die Administrasieraad? -- Op die 26ste het ons die resolusies gehad soos besluit deur die persone by die vergadering. Wat ons daar bespreek het was die volgende. Hoe gaan ons dit nou doen om dit voor te lê aan die Administrasieraad. Dit wil sê dit moet nou gereël word hoe gaan ons dit doen in hierdie vergadering wat ons gaan hou.

<u>HOF</u> : Met ander woorde, al wat u bespreek het, is die agenda vir die volgende vergadering op 2 September en dit is ons sal die volgende dinge op daardie vergadering bespreek? -- Ja, dit is so.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Is dit bespreek wie die ander gebiede se verteenwoordigers bymekaar sou kry vir die vergadering van 2 September? -- Ja, Edith sou die werk gedoen het.

Wat sou sy aan die ander gebiede oordra? Moes hulle die vergadering op die 2de bywoon of was hulle net genooi na die vergadering toe? -- Die besluit daaromtrent was dat sy die komitees van ander areas sal moet nooi.

Is die gebiede opgenoem, watter gebiede genooi sou word? -- Nee, dit was nie spesifiek bespreek nie, omrede ons geweet het dat daar vergaderings gehou was byvoorbeeld in Gebied 13 en daar bestaan komitees by verskillende gebiede, het ons net besluit dat die komitees genooi sal word vir hierdie vergadering. Behalwe Sebokeng, was dit Boipatong.

Is dit al? -- Ja, dit is al.

Waarom moes die ander gebiede se verteenwoordigers die vergadering bywoon? -- Eintlik het ek dit te hore gekom van Edith terwyl ons in die koukus was met haar dat daar resolusies aanvaar was te Boipatong aangaande die "stay away" en die huur wat nie betaal word nie, asook die optog. Dit wil sê die verhoogde huurgelde. Omdat ons nou geweet het dat die besluit was by die twee vergaderings, dit wil sê Gebied 13 en die een waarvan ek verneem het van Edith dat die huurgeld nie betaal word nie, was dit eintlik die belangrikste besluit wat dan bespreek moes geword het daar.

HOF : Wat is daar te bespreke? -- Wat ek daarby bedoel is, dit was eintlik die hoofrede van die griewe wat op die 2de bespreek moes word.

Wat is daar te bespreke? Daar is besluit ons betaal nie? -- Ons moes redes verskaf het hoekom nie. Dit wil sê hoekom ons nie die huurgeld betaal het nie. As gevolg van die besluit oor die optog ook, het ons dit nodig geag om bymekaar te kom en dit verder breedvoerig te bespreek hoe om te werk te gaan daarmee.

MNR. HANEKOM : Het Edith aan u genoem wat die resolusies was wat in Boipatong aanvaar is? -- Ja, sy het.

Was een van die resolusies dat daar 'n optog sou wees op 3 September na Houtkop? -- Ja, dit was so gewees.

Het Edith gesê wanneer die resolusies in Boipatong aanvaar is? -- Ja, sy het gesê dat dit op die 26ste aanvaar was.

Het sy gesê waar die vergadering was en op watter tydstip dit was? -- Ek het dit nie gevra nie. Sy het my ook nie daarvan gesê nie. Al wat sy vir my gesê het was dat op die 26ste was hierdie besluite aanvaar en dit was die besluite.

Het sy gesê sy was teenwoordig in Boipatong waar die

resolusies/...

resolusies aanvaar is? -- Ja, sy het so gesê.

Het sy gesê wie saam met haar daar was? -- Nee, ek het haar dit nie gevra nie en sy het dit ook nie genoem nie.

Het sy genoem dat dit ook ŉ resolusie was by Boipatong dat daar ŉ "stay away" sou wees op 3 September? -- Ja, sy het daarvan gepraat, iets gesê oor die "stay away".

Wat het sy daaroor gesê? -- Dat Boipatong ook ŉ resolusie daar aanvaar het dat hulle Maandag nie werk toe gaan nie.

Het sy gesê dat hulle in Boipatong ŉ resolusie aanvaar het dat die verhoogde huurgeld nie betaal sal word nie? -- Dit is so, ja.

Het sy gesê dat dit ŉ resolusie was in Boipatong dat raadslede moes bedank? -- Ek wil my nie daarmee bind nie. Dit was ŉ informele vergadering waar ons hierdie goed bespreek het. Ek sal dus nie kan sê of sy al die resolusies daar genoem het wat aanvaar was te Boipatong nie.

Ek vra u net spesifiek van ŉ resolusie oor die bedanking van raadslede. Het sy gesê daar was so ŉ resolusie aanvaar of kan u dit nie onthou nie? -- Nee, ek kan nie onthou dat sy so gesê het nie.

Het sy genoem dat daar ŉ resolusie in Boipatong aanvaar is dat raadslede se besighede geboikot moet word? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Het sy melding gemaak dat dit in Boipatong bespreek is dat die besighede moet toe wees op 3 September en daar nie voertuie moet wees in die gebied nie? -- Nee, nie op daardie stadium nie. Sy het niks daarvan gepraat nie.

Het sy gesê of dit in Boipatong bespreek is van waar af die Boipatong mense die optog sou begin? -- Nee, sy het

nie/...

nie gesê nie.

Toe u hoor dat daar bespreek is in Boipatong oor ʼn optog, wat het u gedink waar sou dit begin? -- Ek het niks daarvan gedink nie.

Het u op enige stadium uitgevind of daar wel ʼn optog in Boipatong begin het op 3 September? -- Ek het daarvan gehoor by die vergadering van die 2de.

Wat het u op daardie stadium, 26 Augustus geweet van resolusies in Gebied 13? -- Dat die verhoogde huurgeld nie betaal word nie en dat hulle ook daar ʼn resolusie geneem het oor die "stay away" wat saamloop met die "rallies" en hulle het daar ʼn resolusie gemaak dat hulle ʼn beroep doen op die raadslede dat hulle moet bedank. Dit is die resolusies van Gebied 13.

Het u op daardie stadium geweet of daar enige besprekings in Tsirela was oor wat op 3 September sou gebeur? -- Bedoel u hoe laat of op watter tydstip? Praat u van die datum of wat is die vraag?

Het u op daardie stadium enige kennis gedra van wat in Tsirela bespreek is? -- Ek het geweet van die resolusies van Gebied 13 omdat beskuldigde nr. 5 melding daarvan gemaak het.

HOF : Maar u word dit nie gevra nie. -- Wat Boipatong betref het ek van begin hoor eers na die vergadering uit was. Dit is op die 26ste.

MNR. HANEKOM : Het u enigiets op daardie stadium geweet van Tsirela?

MR BIZOS : I think that My Learned Friend may not have been listening when Your Lordship was clearing up.

HOF : Ja, ons het die ding darem baie duidelik gemaak dat

Tsirela is 'n voorstad van Boipatong. Nou is dit heeltemal reg om iemand te vra of hy in Pretoria 'n vergadering bygewoon het maar dan kan u hom nie later aanhou vra of hy in Sunnyside 'n vergadering bygewoon het as u eers gevra het of hy in Pretoria was nie.

MNR. HANEKOM : Ek is jammer, daardie punt het my ontgaan. Het u op daardie stadium enige inligting gehad oor wat in Sharpeville bespreek was oor wat sou gebeur op 3 September? -- Nee, ek het glad nie geweet nie.

Het Esau nie daar enigiets van Sharpeville gemeld nie?--Nee, hy het niks gepraat oor 'n vergadering nie.

Het u vir Edith vroeër die dag op 26 Augustus gesien? -- Ek het haar nie gesien nie.

HOF : Tot wanneer nie? -- Tot na die vergadering.

MNR. HANEKOM : Bedoel u na die vergadering uitgekom het en u haar nader geroep het om met haar die komitees te bespreek of waarvan praat u? -- Met haar aankoms daar by die vergadering saam met Esau Raditsela het sy die vergadering binnegekom. Buite die gebou het ek met haar vir die eerste keer gepraat.

Is dit op 26 Augustus op enige stadium op die groot vergadering of in hierdie komiteestadium na die tyd bespreek of gemeld dat die optog op 3 September wettig of nie wettig sou wees nie? -- Nee, niemand het melding daarvan gemaak nie.

Was u op daardie stadium bewus daarvan dat daar 'n verbod was op opelug vergaderings behalwe sportbyeenkomste? -- Al wat ek van geweet het was dat "open air meetings" nie toegelaat was nie. 'n Optog het ek nie onder daardie tipe vergaderings beskou nie, want dit is mense wat beweeg. Dus

kan/...

kan dit nie onder daardie sambreel geneem word nie dat dit ook onwettig was. Met 'n optog is daar geen toesprake terwyl die mense daarmee besig is nie. Dit is net mense wat loop.

Het u [illegible] ie dinge gedink op 26 Augustus 1984? -- Nee, glad nie.

Ek wil net duidelikheid kry. Dit wat u nou vir die Hof gesê het dat 'n optog beskou u nie as 'n byeenkoms nie, het u oorweging daaraan gegee op 26 Augustus of het dit glad nie in u gedagtes opgekom nie? -- Nee, dit het nie in my gedagte gekom die dag nie, selfs dit van die "open air meetings". Dit het ook nie in my gedagtes gekom nie, alhoewel ek daarvan bewus was voor die dag dat dit verbied was.

[illegible] nie toe Masinya sê wat sal gebeur as die polisie [illegible] nie? -- Nee, selfs ook nie in daardie stadium [illegible] al wat ek geweet het was 'n optog. Ek het nie [illegible] dink nie.

[illegible] Dan net so 'n paar dinge nog oor die 26ste [illegible] U het vroeër getuig dat u die oggend van die [illegible] flette van ERPA in twee strate versprei het. [illegible] het die pamflette adverteer? -- Dit het 'n boodskap bevat van 'n vergadering van die Rate Payers Association wat dieselfde môre daar gehou sou gewees het om 09h00.

[illegible] stadium toe u die pamflette versprei het, was [illegible] nie al aan die gang of veronderstel om aan [illegible] nie? -- Nee, dit was baie vroeg gewees.

[illegible]

[illegible] die vergadering van 26 Augustus binne-in [illegible] plakkate of baniere aangebring? -- Geeneen [illegible] krywe deur u was in daardie saal gewees nie.

[illegible] -- Daar was ook nie pamflette gewees nie.

Behalwe/...

Behalwe ŉ VCA vlag wat deur twee seuns gedra was met Esau en Edith se aankoms daar.

Het u die twee seuns geken? -- Nee, ek het hulle nie geken nie.

Op daardie stadium, 26 Augustus wat was u kennis van die VCA? Het u geweet wat die VCA se doelstellings was? -- Ja, ek het geweet want toe dit gestig was was ek teenwoordig gewees.

Het u geweet wat die posisie met lidmaatskap was van die VCA? -- Nee, dit het ek nie geweet nie.

Het u geweet op daardie stadium of die VCA ŉ grondwet het of nie? -- Nee, ek het nie geweet.

Het u geweet of VCA geaffilieer was by UDF of nie? -- Nee, dit het ek nie geweet nie.

Wat het u op daardie stadium van UDF geweet? -- Al wat ek kan sê is dat op 9 Oktober 1983 met die stigging van VCA was daar ŉ voorstel gemaak dat VCA aan UDF moet affilieer.

HOF : Die voorstel was aanvaar was hy nie? -- Ja, destyds was dit aanvaar maar daar was toe destyds gesê dat dit weer later hersien sal word. Of dit hersien was of nie, dit kan ek nie sê nie.

MNR. HANEKOM : Van watter stadium praat u? Wanneer is dit later gesê? -- Dit was gesê op die dag van die stigting. Wanneer hierdie later was wat hulle bedoel het, kan ek nie sê nie.

HOF : Wel, die vraag was gevra wat het u geweet van die UDF en toe het u geantwoord oor die affiliasie. Is daar nog iets wat u geweet het? -- Wat ek geweet het van die UDF is dat UDF ŉ front was of ŉ "umbrella body" wat ander organisasies by hom laat affilieer. Dit het ek van begin

weet/...

weet en kennis van gedra deur koerante te lees.

MNR. HANEKOM : Het u op daardie stadium 26 Augustus 1984 geweet wat UDF se doelstellings was? -- Nee, behalwe dat al wat ek geweet het was dat dit ŉ organisasie was wat teen apartheid was.

Wat het u daaronder verstaan? Wat het u verstaan hoe is hulle teen apartheid? -- Ek het in die koerante die berigte gesien wat lees "UDF unites - apartheid divides." Ek het ook van mense gehoor, dit is nou mense wat aan my bekend was, wat miskien daar in die gesprek gesê het die UDF is ŉ goeie organisasie want dit is teen apartheid.

Het u op daardie stadium geweet wat die gevolge vir ŉ organisasie is as hy affilieer met UDF? -- Nee, dit het ek nie geweet nie.

Op 28 Augustus 1984 was beskuldigde nr. 10 en ander mense by u huis. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Het beskuldigde nr. 10 daar voorstelle gemaak? -- Ja, dit is so.

Wat was sy voorstelle? -- Hy het die volgende voorgestel dat ons, die persone wat die vergadering gaan bywoon op die 2de moet in daardie vergadering ŉ voorstel maak dat ŉ memorandum opgestel moet word met die griewe wat oorgedra word sodat dit voorgelê kan word aan die Administrasieraad. Dit was sy voorstel gewees na hy ŉ gesprek gevoer het en dit met sy mense wat saam met hom daar was bespreek het.

Was dit die eerste keer wat u ŉ voorstel gehoor het dat ŉ memorandum opgestel moes word? -- Ja, dit was die heel eerste keer en ek het dit onmiddellik aanvaar dat dit ŉ goeie idee was, ŉ memorandum sal opgestel moet word.

Met wie het beskuldigde nr. 10 die idee van die

memorandum/...

memorandum bespreek? -- Wat ek daarby bedoel is. Hierdie voorstel was al bespreek gewees tussen beskuldigde nr. 10 en die persone wat hom vergesel het, naamlik Oliphant en Maruping. Hulle het dus by my. kom hoor of ek met die voorstel akkoord gaan of wat my gevoel is aangaande die voorstel. Dit is nie dat hulle dit daar in my teenwoordigheid bespreek het nie.

Het beskuldigde nr. 10 enige voorstelle gehad oor die spesifieke inhoud van die memorandum? Wat daarin moes voorkom? -- Ja, dit is reg. Die memorandum moes die volgende bevat het in die opstelling, ons griewe soos volg. Aangaande die huurgelde asook die beroep van ons dat die raadslede moet bedank. Dit moet deur middel van die memorandum wat voorgelê word aan die Administrasieraad aan hulle bekend gemaak word.

Het beskuldigde nr. 10 voorgestel wat met die memorandum gedoen moet word nadat dit opgestel is en voordat die oorhandig word aan die Administrasieraad? -- Ja, hy het gesê ons moet dit - eintlik was sy voorstel dat ons dit aan een van die lede van die VCA "executives" moet gee.

Is daar die dag bespreek watter ander voorstelle julle komitee sou maak op die vergadering van 2 September? -- Nee, geen ander voorstelle was daar gewees behalwe dat ons self, dit is die komitee van ons, sal 'n voorstel maak dat daar 'n memorandum opgestel word.

Is dit nie bespreek dat julle Gebied 3 ook sou voorstel dat daar 'n beampte - kantbeamptes moet wees by die optog en dat daar dissipline in die optog moet wees nie? -- Nee, dit was al lankal bespreek na die vergadering van die 26ste. Onmiddellik na die vergadering. Dit was een van die dinge

wat/...

wat daar bespreek was dat ons dit sal moet organiseer.

Ek wil dit net aan u stel dat beskuldigde nr. 10 se getuienis was - volume 161 op bladsy 7 936 - dat by daardie vergadering by u huis op 28 Augustus dit ook bespreek was dat u gebied by die vergadering van 2 September moet voorstel dat daar dissipline in die optog gehandhaaf moet word en dat dit voorkeur moet kry en ook die kwessie van kantbeamptes? -- Ek sal dit nie betwis nie, want soos ek sê, ons het dit al bespreek na die vergadering op die 26ste.

U getuienis was dit is nie op 28 Augustus bespreek nie. Sê u nou dit is daar bespreek ? -- Wat ek sê is indien hy dit gesê het sal ek dit nie betwis nie, want die doel van die vergadering op die 2de was om te gaan reël en toe te sien wat die benodigdhede was vir die optog op die 3de. Dit wil sê dit was een van die belangrikste faktore wat ook daar bespreek moes word.

Waarom was die kwessie van dissipline in die optog en dat daar beamptes moet wees langs die optog so 'n belangrike faktor? -- Dit is omdat ons daarvan bewus was dat sodra daar baie mense is en 'n groot getal bymekaar, dan moet daardie mense beduie word hoe om te verkeer of hulle moet gelei word wat om te volg.

Het u voorsien dat dit nie stigtelik kan gaan nie, as hulle nie gelei word nie en daar is nie beamptes nie? -- Ja, dit is regtig so, want mense sal nie weet waar om te staan, waarheen om te gaan en waar om te beweeg nie as daar nie so gereël word nie.

Was mnr. Maruping 'n lid van die Gebied 3 komitee? -- Hy was op die 26ste gekies om in die komitee van Gebied 3 te dien.

Ek wil u verwys na die pamflet, BEWYSSTUK AN15(ii). Op watter stadium het u vir Esau gevra om die pamflet saam te stel? -- Op die 26ste. Dit is na die vergadering van die 26ste.

Het u die kwessie van die pamflet met enigiemand anders bespreek voor u vir Esau gevra het om ʼn pamflet op te stel? -- Nee, ons het nie daar gaan sit en bespreek oor hierdie pamflet nie, maar die komitee was daarvan bewus dat daar ʼn pamflet opgestel gaan word soortgelyk aan die inhoud wat hier staan.

Het u dit met die komitee bespreek voor u vir Esau dit gevra het? -- Op die 26ste, dit is gedurende die koukus daar, in hulle teenwoordigheid het ons daarvan gepraat dat daar ʼn pamflet opgestel word wat dan die ander mense wat nie die vergadering bygewoon het nie, ook in kennis sal stel van wat besluit is.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Dit is nou die koukus na die vergadering, na die groot vergadering? -- Ja, dit is na die groot vergadering.

MNR. HANEKOM : Wie het die kwessie van die pamflet geopper? -- Ek het dit self geopper.

Was die Gebied 7 mense, Edith en haar komiteemense nog teenwoordig? -- Ja, hulle was by. Dit wil sê Edith en haar komitee van Gebied 7, maar ek wou hierdie pamflet gehad het vir Gebied 3.

Waarom wou u dit beperk tot Gebied 3? -- Omdat ek gekies was om te dien by die komitee van Gebied 3. Dit is om daardie rede.

Het Gebied 7 nie ook belang gestel om dit vir hulle te kry nie? -- Ek weet nie of hulle miskien na hierdie koukus

hulle/...

hulle eie besluit daaromtrent geneem het of nie.

Het u nie die moontlikheid met Esau bespreek om ŉ pamflet te kry namens die VCA vir die hele gebied nie, die hele Vaal Driehoek gebied? -- Nee.

As u dit wou beperk tot u gebied, waarom het julle dus nie in Gebied 3 self ŉ pamflet saamgestel en dit daar versprei nie? Waarom het u vir Esau gevra om dit te doen? -- Die rede daarvoor was dat Esau se werksplek in die kantoor het al die benodigdhede gehad wat ŉ mens sou gebruik het vir die druk van ŉ pamflet. Ek het nie ŉ plek gehad waar ek dit kon laat druk het nie.

Wat van Lukas Ndlovu wat vroeër in Gebied 3 behulpsaam was met die druk van pamflette? -- By hierdie tyd wat ons die gesprek daar uitgevoer het, was Lukas nie by nie. Dit is om daardie rede dat ons vir Esau versoek het.

Het u vir Esau papier verskaf om die pamflette op te druk of te tik? -- Al wat aan Esau gegee was was ŉ papier waarop geskryf gestaan het die resolusies wat by hierdie dag aanvaar is en was besluit aanvaar is.

<u>HOF</u> : Kan ek u net ŉ vraag vra. Dokument <u>AN15(ii)</u> het vier kennisgewings op. Was die gedagte dat dit uitmekaar geknip moet word op die stippellyntjies en as afsonderlike kennisgewings uitgaan of moes dit as een uitgaan? -- Die gedagte was dat dit gesny gaan word op die stippellyne.

Het julle dit gedoen? -- Ek het dit so gedoen.

Daarop staan "Vaal Triangle", wat verstaan u onder "Vaal Triangle"? -- "Vaal Triangle" beskryf die omgewing van die Swartwoonbuurt daar wat bekend staan as Swartwoonbuurtes in die "Vaal Triangle".

Waar is die "Vaal Triangle" se hoeke? -- Sover as

wat/...

wat my kennis strek is die "Vaal Triangle" ŉ baie groot area. Dit kan wees van Vereeniging na Ermelo toe en weer ŉ ander hoek iewers. Ek is nie seker watter een is die derde hoek nie. Nou hier word dit nie so breed gebruik nie. Die gebied waar ons woon word genoem as "Vaal "Triangle". Dit verwys na die woonbuurt of die area waar ons woon. Party mense noem dit "Vaal", party mense noem dit "Vaal Triangle".

So u weet nie waar is die hoeke van daardie "Vaal Triangle" nie? -- Daardie een weet ek. Ek weet waar die hoeke is.

Gee dit vir my? -- Boipatong, Sasolburg Zandela, Refeng Kgotso, Sebokeng, Sharpeville.

Het hierdie driehoek van u vyf hoeke? -- Ja, en Evaton. Dit is hoe ek dit ken.

MNR. HANEKOM : Het u vir Esau gesê presies wat die pamflet se inhoud moet wees? -- Nee, ons het hom nie gesê nie. Ons het dit gelos aan hom om te besluit wat om te skryf weens die feit dat hy die lys van die resolusies by hom gehad het.

HOF : Dit was veronderstel dat hy die resolusies weergee op die pamflet? -- Ja, dit moes hy eintlik op die pamflet gesit het met die opstel daarvan, maar dit was net beperk op dit wat die gemeenskap van moes geweet het wat eintlik belangrik was destyds.

MNR. HANEKOM : Het u dit so aan Esau oorgedra dat hy net die resolusies wat die belangrikste is vir die gemeenskap in die pamflet moet beliggaam? -- Nee, al wat ek aan hom gesê het was dat hy die resolusies moet saamneem. Hy sal maar sien watter van die resolusies beskou hy as nodig

om/...

om in die pamflet in te lyf.

Het u vir Esau gesê wat u oogmerk met die pamflet was? Wat u daarmee wou bereik? -- Die doel van hierdie pamflet was dat die mense kan weet wat die besluite was wat geneem word by hierdie vergadering die dag.

Het u dit so aan Esau oorgedra? -- Ja. Ek het aan Esau gesê dat hy moet hierdie pamflet op so h manier opstel dat dit die resolusies van die 26ste moet bevat, dat dit so besluit was op die 26ste.

HOF : En was u tevrede dat dit gebeur het? -- Ek is nie saam met u nie. Is dit na die pamflet opgestel was?

Toe u die pamflette gekry het om uit te deel, was u toe tevrede dat daar voldoen is aan u versoek? -- Die fout wat ek daar gesien het was dat van die resolusies nie in hierdie pamflet ingelyf was nie.

Watter een? -- Byvoorbeeld in hiedie pamflet het hy dit nie duidelik gestel dat dit h besluit was op resolusies van hierdie vergadering dat die verhoogde huurgelde wat in werking gestel word met ingang van 1 Septembermaand, word nie betaal nie.

Wat nog? -- Hy maak geen melding daarvan dat een van die besluite hier was dat as die raadslede nie bedank nie, dan gaan die raadslede se besighede geboikot word.

En wat nog? -- Verder die manier waarop hy hierdie pamflet opgestel het, is nie duidelik genoeg nie. Hier maak hy ook geen melding van die optog nie.

Wat bedoel u dit is nie duidelik genoeg nie? -- In die sin hier praat hy van besluite of resolusies van kinders, ouers, werkers ensovoorts, terwyl daar h besluit was dat geen werknemer sal op die 3de werk toe gaan nie. Alhoewel

daar/...

daar melding gemaak was van die skole, was dit nie op hierdie manier waarop hy dit nou opgestel het van inwoners, kinders, werkers ensovoorts nie. Dit was 'n "stay away in general". Dit is nou op sy eie wat nou hierdie goed verdeel het.

MNR. HANEKOM : Is dit al besware wat u het met die pamflet? -- Ja, dit is al besware wat ek het oor die pamflet.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 19 FEBRUARIE 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

***PUBLISHER:***

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

***DOCUMENT DETAILS:***

*Document ID:-* **AK2117-I2-3-176**
*Document Title:-* **Vol 176 p 9023-9080. Witness: Nkopane**